

# HOONGLIED VAN SALOMO

## Inleiding

Die naam van die boek in Hebreeus is “Die lied van die liedere”. Dit is ook die opskrif in die eerste vers van die •bronteks en kan in Afrikaans vertaal word as “Die voortreflikste lied”. Die naam “Hooglied” hou verband met die Duitse naam *Das Hohelied*.

Die tyd van ontstaan is onseker. Die Joodse tradisie skryf die boek toe aan Salomo, maar uit die feit dat Persiese en Griekse leenwoorde in die boek voorkom, kan afgelei word dat dit heelwat later, waarskynlik in die derde eeu vC, opgeteken is. Dit is wel moontlik dat 3:6-11 uit 'n vroeër tyd dateer. Die plek van ontstaan is ook onseker. Met die uitsondering van 3:6-11 het die boek 'n landelike agtergrond. Op grond daarvan en ook na aanleiding van plekname in die boek, kan aanvaar word dat dit êrens in Palestina geskryf is.

Die skrywer en eerste lesers is onbekend. Die tradisie dat Salomo die skrywer is, hang waarskynlik daarmee saam dat hy volgens 1 Konings 5:12 verantwoordelik was vir die skryf van 1 005 liedere en dat daar in die boek na die minnaar verwys word as “koning”.

*Hooglied* is 'n versameling liefdesliedere in die vorm van 'n reeks dialoë. Die karakters is 'n jongvrou, haar minnaar en 'n groep wat “dogters van Jerusalem” genoem word. Die jongvrou is die middelpunt van die liriese dialoog: Sy is altyd aanwesig en die gebeure en emosies word uit haar perspektief beskryf. Die gebeure speel af in die lente en dié jaargety was en is 'n metafoor vir ontluikende liefde tussen 'n jong man

en 'n jongvrou. Belangrike stilistiese en poëtiese kenmerke van die boek is herhaling van woorde, sinsnedes en motiewe.

Die liefde is die oorkoepelende tema in die boek. Herhalende motiewe in elke eenheid is die skeiding tussen geliefdes en hulle hereniging, en die subtiële aansluiting by voorstellings uit die paradysverhaal.

Die herhaling van woorde, woordpare en refreine bied 'n struktuur vir die boek, soos ook die eendersheid binne elkeen van die vier dele.

*Hooglied* kan soos volg ingedeel word:

- 1:2 — 2:5 Inleidende deel of ouverture
- 2:8 — 3:4 Deel 1
- 3:6 — 5:1 Deel 2
- 5:2 — 6:2 Deel 3

## 1

<sup>1</sup> \*Die lied van alle liedere. Van Salomo.<sup>a</sup>

*Sy:*<sup>b</sup>

<sup>2</sup> \*Laat hy my met die soene  
van sy mond soen;  
ja, jou liefkosings is beter as wyn.

<sup>3</sup> \*Die geur van jou reukolie  
is heerlik,

---

\*1:1 1 Kon 4:32

<sup>a</sup>1:1 **Van Salomo:** Die teks kan ook beteken 'vir Salomo' of 'opgedra aan Salomo'.

<sup>b</sup>1:1 **Sy:** Die identifikasie van sprekers is in sommige gevalle onseker.

\*1:2 Hoogl 4:10

\*1:3 Ps 133:2; Pred 7:1

reukolie wat uitgegiet word,  
is jou naam —  
daarom raak die meisies  
verlief op jou!  
<sup>4</sup> \*Neem my saam met jou!  
Kom ons hardloop!  
Die koning het my  
na sy kamer geneem.

*Koor:*

Ons wil vreugde put uit jou,  
ons verheug oor jou!  
Ons wil jou liefkosings  
meer aanprys as wyn.  
Hulle is met reg verlief op jou!

*Sy:*

<sup>5</sup> \*Ek is donker,  
meisies van Jerusalem,  
maar pragtig —  
soos die tente van Kedar,  
soos Salomo se tentdoeke.

<sup>6</sup> \*Moenie na my staar  
omdat ek donker is,  
omdat die son  
my bruin gebrand het nie.

---

\*1:4 Ps 45:15-16

\*1:5 Ps 120:5; Hoogl 4:1-7; Jes 60:7

\*1:6 Ps 69:9; Hoogl 8:11

Die seuns van my ma  
was kwaad vir my:  
Hulle het my die wingerde laat oppas;  
my eie wingerd kon ek nie oppas nie.

<sup>7</sup> Laat weet my tog,  
geliefde van my hart,  
waar laat jy jou kudde wei,  
waar laat jy hulle in die middag rus?  
Waarom moet ek gesluit gaan\*  
tussen jou vriende se kuddes?

*Hy:*

<sup>8</sup> Weet jy dit nie,  
mooiste onder die vroue?  
Volg die spore van die kleinvee  
en laat jou lammers  
langs die herders se tente wei.

*Hy:*

<sup>9</sup> \* Soos 'n merrie by die farao  
se strydwaens  
is jy vir my, my liefling.  
<sup>10</sup> \* Hoe bekoorlik is jou wange  
met die stringe krale,  
jou nek met die halssnoere!  
<sup>11</sup> Kom ons maak vir jou

---

\* **1:7** **Waarom ... gaan:** Gen 24:65; 38:14-15; Hoogl 4:1

\* **1:9** 2 Kron 1:16-17

\* **1:10** Eseg 16:11-14

goue kettinkies,  
gestip met silwer.

*Sy:*

<sup>12</sup> Terwyl die koning by sy feestafel is,  
versprei my nardus<sup>c</sup> sy geur.

<sup>13</sup> \*<sup>1</sup> 'n Sakkie mirre<sup>d</sup>  
wat tussen my borste rus,  
is my liefste vir my.

<sup>14</sup> 'n Bossie hennabloeisels<sup>e</sup>  
in die wingerde van En-Gedi,<sup>f</sup>  
is my liefste vir my.

*Hy:*

<sup>15</sup> \*O, hoe mooi is jy, my liefling,  
hoe mooi is jy!  
Jou oë is duiwe.

---

<sup>c</sup>**1:12 nardus:** Geurige olie afkomstig van die nardusplant, wat in Noord-Indië gegroei het. Dit het meegebring dat hierdie olie uiters duur was, ongeveer die ekwivalent van 'n gemiddelde arbeider se loon vir 'n volle jaar; vgl Mark 14:3; Joh 12:3. •Nardusolie.

\***1:13** Ps 45:9; Joh 19:39

<sup>d</sup>**1:13 mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

<sup>e</sup>**1:14 hennabloeisels:** 'n Struik met smal, langwerpige, blare en lang trosse wit blomme met 'n sterk geur, ook gebruik om parfuum te maak.

<sup>f</sup>**1:14 En-Gedi:** 'n Oase in die woestyn op die suidwestelike oewer van die Dooie See, bekend vir wit geurige hennablomme en dadelpalms. Die naam beteken 'Bokfontein'; vgl 1 Sam 24:1.

\***1:15** Hoogl 4:1; 5:12; 6:4; 7:6

*Sy:*

<sup>16</sup> O, hoe mooi is jy, my liefste,  
en aantreklik!

Ons bed is groen loof.

<sup>17</sup> Die balke van ons huis is seders,  
ons dakbalke sipresse.

## 2

<sup>1</sup> Ek is 'n tulp van die Saron,<sup>g</sup>  
'n narsing<sup>h</sup> uit die valleie.

*Hy:*

<sup>2</sup> Soos 'n narsing tussen dorings,  
so is my liefling onder die meisies.

*Sy:*

<sup>3</sup> Soos 'n appelboom tussen die bome  
van die bos,  
so is my liefste onder die jong mans.

Ek sit graag in sy skaduwee,  
sy vrugte soet op my tong.

<sup>4</sup> Hy neem my na 'n wynkelder  
met sy vaandel<sup>\*</sup> van liefde oor my.

<sup>5</sup> \*Verfris my met rosyntjies,

---

<sup>g</sup>**2:1 Saron:** Die kusvlakte tussen •Jafo en die berg Karmel bekend vir veeboerdery en veldblomme; vgl 1 Kron 27:29; Jes 35:2.

<sup>h</sup>**2:1 narsing:** 'n Veldblom wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

<sup>\*</sup>**2:4 vaandel:** Num 1:52; Ps 20:6

<sup>\*</sup>**2:5** 2 Sam 6:19; 1 Kron 16:3

verkwik my met appels,  
want ek is siek van liefde.

<sup>6</sup>\*Sy linkerarm is onder my kop,  
sy regterarm omhels my.

<sup>7</sup>\*Meisies van Jerusalem,  
ek besweer julle

by die ribbok- en takbokooie  
van die veld:

Moenie die liefde aanwakker nie,  
moet dit nie opwek nie,  
voordat dit nie self  
wil ontwaak nie.

Sy:

<sup>8</sup>\*Luister! My liefste!

Kyk! Daar kom hy,  
al bokspringend oor die berge,  
al huppelend oor die heuwels!

<sup>9</sup>My liefste is soos 'n ribbok,  
soos 'n jong rooitakbok.\*

Kyk! Hy staan agter ons huismuur,  
hy kyk by die vensters in,  
hy loer deur die latwerk.

<sup>10</sup>My liefste antwoord my,  
hy sê vir my:

“Staan op, my liefling,

---

\*2:6 Hoogl 8:3

\*2:7 Hoogl 3:5; 8:4

\*2:8 Hoogl 2:17; 8:14

\*2:9 My ... rooitakbok: 2 Sam 2:18; 1 Kron 12:8

my mooiste, en kom!

<sup>11</sup> Want kyk, die winter  
het verbygegaan,  
die reën is verby, dit het opgeklaar.

<sup>12</sup> Die veld staan in die blom.  
Die tyd om te sing het aangebreek,  
die gekoer van die tortelduiwe  
klink op in ons land.

<sup>13</sup> \*Die vyeboom laat sy groen vye  
uitswel,  
die wingerd bot en versprei sy geur.  
Staan op, my liefling,  
my mooiste, en kom!

<sup>14</sup> \*My duif in die rotsskeure,  
in die skuilplekke  
teen die bergkrans —  
laat my jou gesig sien,  
laat my jou stem hoor,  
want jou stem is soet  
en jou gesig is pragtig.”

<sup>15</sup> \*Vang vir ons die jakkalse —  
die klein jakkalsies  
wat die wingerde verniel,  
ons wingerde wat bot.

---

\*2:13 Matt 24:32

\*2:14 Jer 48:28; 49:16

\*2:15 Eseg 13:4



<sup>16</sup> My liefste is myne en ek is syne —  
hy wat tussen die narsings wei.

<sup>17</sup> \*Totdat die dag begin asemhaal  
en die skaduwees vlug:  
Draai om, my liefste,  
wees soos 'n ribbok,  
soos 'n jong rooitakbok  
op die tweelingheuwels.<sup>i</sup>

### 3

<sup>1</sup> Die hele nag op my bed  
hunker ek na die geliefde  
van my hart.

Ek het na hom gesoek,  
maar hom nie gevind nie.

<sup>2</sup> Laat ek nou opstaan  
en die stad deurkruis,  
op die strate en pleine  
na die liefde van my hart soek.

Ek het hom gesoek,  
maar hom nie gevind nie.

<sup>3</sup> \*Die wagte, op hulle rondtes  
deur die stad, het my gevind.

“Die geliefde van my hart,  
het julle hom gesien?”

---

\*2:17 Hoogl 8:14

<sup>i</sup>2:17 tweelingheuwels: Letterlik ‘berge van skeiding’.

\*3:3 Hoogl 5:7; Jes 21:6

<sup>4</sup>\*Pas nadat ek by hulle verby is,  
vind ek die geliefde van my hart!

Ek gryp hom vas  
en laat hom nie weer gaan nie,  
tot ek hom na my ma se huis  
gebring het,  
na die kamer van haar  
wat met my swanger was.

<sup>5</sup>\*Meisies van Jerusalem,  
ek besweer julle  
by die ribbok- en takbokooie  
van die veld:  
Moenie die liefde aanwakker nie,  
moet dit nie opwek nie,  
voordat dit nie self  
wil ontwaak nie.

### *Koor*

<sup>6</sup>Wat kom daar aan uit die woestyn<sup>j</sup>  
soos suile rook,  
omhul van mirre<sup>k</sup> en wierook,  
van al die beste speserye

---

\***3:4** Hoogl 8:2

\***3:5** Hoogl 2:7; 8:4

<sup>j</sup>**3:6 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>k</sup>**3:6 mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

van die handelaar?

<sup>7</sup> \*Kyk, dit is Salomo se drastoel,  
omring deur sestig dapper manne,  
van die dapperstes in Israel,

<sup>8</sup> \*almal bedrewe met die swaard,  
ervare krygers,  
elkeen met sy swaard op sy heup,  
bedag op nagtelike gevare.

<sup>9</sup> Koning Salomo het vir hom  
'n drastoel gemaak  
van hout uit die Libanon.

<sup>10</sup> Die style het hy van silwer gemaak,  
die baldakyn van goud,  
die sitplek van purperstof,  
die binnekant is uitgevoer  
met leer.<sup>1</sup>

Meisies van Jerusalem,

<sup>11</sup> \*kom uit!

Meisies van Sion,  
kom kyk na koning Salomo,  
na die kroon waarmee sy ma  
hom gekroon het, op sy troudag,  
op die dag toe sy hart  
oorstelp van vreugde was.

---

\*3:7 1 Sam 8:11

\*3:8 Ps 45:4; 91:5

<sup>1</sup>3:10 leer: Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word “liefde”.

\*3:11 Jes 3:16-17; 62:5

# 4

*Hy:*

<sup>1</sup> \* O, hoe mooi is jy, my liefling,  
hoe mooi is jy!  
Jou oë is duiwe agter jou sluier,  
jou hare 'n trop bokke  
wat teen die berge van Gilead  
afstroom.

<sup>2</sup> \* Jou tande is soos 'n kudde  
pas geskeerde skape  
wat van die drinkplek af opkom,  
almal tweelinge,  
nie een van hulle op sy eie nie.

<sup>3</sup> \* Soos karmosynrooi lint is jou lippe,  
jou mond is pragtig.  
Agter jou sluier is jou slape  
soos 'n oopgebreekte granaat.

<sup>4</sup> \* Jou nek is soos die Dawidstoring  
wat in kliplae gebou is,  
waaraan 'n duisend skilde hang,  
al die rondeskilde  
van die dapperes.

<sup>5</sup> \* Jou borste is soos twee

---

\* 4:1 Hoogl 1:15; 5:12; 6:5,7

\* 4:2 Hoogl 6:6

\* 4:3 Hoogl 6:7,11

\* 4:4 Hoogl 7:4

\* 4:5 Spr 5:19; Hoogl 7:3

jong bokkies,  
die tweeling van 'n ribbokooi,  
wat tussen narsings<sup>m</sup> wei.

<sup>6</sup> \*Totdat die dag begin asemhaal  
en die skaduwees vlug,  
gaan ek na die mirreberg,  
na die wierookheuwel.<sup>n</sup>

<sup>7</sup> \* Alles aan jou is mooi, my liefling,  
jy is heeltemal vlekkeloos.

<sup>8</sup> \* Kom saam met my  
van die Libanon af, my bruid,  
saam met my van die Libanon af.

Daal af van die kruin van Amana,  
van die kruin van Senir  
en Hermon,  
van die lêplekke van die leeus,  
van die berge  
waar die luiperds hou.

<sup>9</sup> Jy het my hart<sup>o</sup> gesteel,

---

<sup>m</sup>**4:5 narsings:** Veldblomme wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

<sup>\*</sup>**4:6** Hoogl 2:17; 3:6

<sup>n</sup>**4:6 mirreberg ... wierookheuwel:** In aansluiting by Hoogl 4:5 verwys dit waarskynlik na geparfumeerde borste; vgl 5:1; 7:7-8; •Mirre.

<sup>\*</sup>**4:7** Hoogl 1:15

<sup>\*</sup>**4:8** Deut 3:8-9; 1 Kon 4:33

<sup>o</sup>**4:9 hart:** Die hart is die setel van die intellek waar die gedagtes en wilsbesluite gevorm word. Dit bepaal 'n mens se karakter en kan emosies soos blydschap, vrees, jaloesie, haat en liefde ervaar.

my suster,<sup>p</sup> my bruid,  
jy het my hart gesteel  
met een kyk van jou oë,  
met een kettinkie  
van jou halssnoer.

<sup>10</sup> \*Hoe verruklik is jou liefkosings,  
my suster, my bruid.  
Hoeveel beter is jou liefkosings  
as wyn,  
die geur van jou reukolie  
as al die speserye.

<sup>11</sup> \*Jou lippe drup heuning, my bruid,  
heuning en melk is onder jou tong,  
jou klere dra die geur  
van die Libanon.

<sup>12</sup> \*'n Toegesluite tuin is my suster,  
my bruid,  
'n toegesluite put,  
'n verseëlde fontein.

<sup>13</sup> \*Jou bloeisels is 'n boord granate  
met heerlike vrugte,

---

<sup>p</sup>**4:9 suster:** 'n Algemene term vir 'n geliefde in Nabye Oosterse liefdespoësie; dit verwys nie na bloedverwantskap nie.

\* **4:10** Hoogl 1:2,4

\* **4:11** Gen 27:27; Spr 5:3; Hoogl 5:1

\* **4:12** Spr 5:15

\* **4:13** Pred 2:5; Hoogl 7:12

henna<sup>q</sup> met nardus,<sup>r</sup>  
<sup>14</sup> \* nardus en saffraan,<sup>s</sup>  
kalmoes<sup>t</sup> en kaneel;  
met elke soort wierookplant,  
mirre<sup>u</sup> en adelhout;<sup>v</sup>  
met al die kosbaarste speserye.

<sup>15</sup> \* Jy is 'n fontein vir tuine,  
'n put met vars water  
wat van die Libanon af vloei.

Sy:

<sup>16</sup> \* Steek op, noordewind,  
kom, suidewind,  
waai deur my tuin,

---

<sup>q</sup>4:13 **henna:** 'n Struik met smal, langwerpige, blare en lang trosse wit blomme met 'n sterk geur, ook gebruik om parfuim te maak.

<sup>r</sup>4:13 **nardus:** Geurige olie afkomstig van die nardusplant, wat in Noord-Indië gegroei het. Dit het meegebring dat hierdie olie uiters duur was, ongeveer die ekwivalent van 'n gemiddelde arbeider se loon vir 'n volle jaar; vgl Mark 14:3; Joh 12:3. •Nardusolie.

\* 4:14 Eks 30:23-24; Hoogl 3:6

<sup>s</sup>4:14 **saffraan:** Spesery berei uit die stampers van die krokusplant.

<sup>t</sup>4:14 **kalmoes:** 'n Bamboesagtige riet met 'n aangename geur.

<sup>u</sup>4:14 **mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuims, olies en rome gebruik.

<sup>v</sup>4:14 **adelhout:** 'n Inheemse boom in Suidoos-Asië en Noord-Indië waarvan die sap as parfuim en vir balsemdoeleindes gebruik is.

\* 4:15 Jer 2:13; Joh 4:10; 7:38

\* 4:16 Hoogl 5:1; 6:2; 7:13

laat die geur van sy speserye versprei.  
Laat my liefste na sy tuin kom  
en sy heerlike vrugte eet.

## 5

*Hy:*

<sup>1</sup> \*Ek kom na my tuin,  
my suster, my bruid.  
Ek pluk my mirre<sup>w</sup> met my speserye,  
ek eet my heuningkoek  
met my heuning,  
ek drink my wyn met my melk.

*Koor:*

Eet, vriende!  
Drink, en word van liefde dronk!

*Sy:*

<sup>2</sup> \*Ek was aan die slaap,  
maar my hart was wakker.  
Hoor daar! My liefste klop!  
“Maak vir my oop,  
my suster, my liefling,  
my duif, my volmaakte;  
my kop is nat van dou,

---

\*5:1 Hoogl 4:9,11-12,16; 6:2

<sup>w</sup>5:1 **mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

\*5:2 Hoogl 1:15; 2:8,14; 4:7; 6:9; Op 3:20



my lokke deurdrenk  
van die nag se dou.”

<sup>3</sup> \*Ek het my klere al uitgetrek,  
moet ek dit weer aantrek?  
Ek het my voete al gewas,  
moet ek dit weer laat vuil word?

<sup>4</sup> My liefste het sy hand  
deur die opening gesteeek  
en my hart het onstuimig geklop  
oor hom.<sup>x</sup>

<sup>5</sup> Ek het opgestaan  
om vir my liefste oop te maak.  
My hande het gedrup van mirre,  
my vingers van vloeiende mirre,  
op die handvatsels  
van die grendel.

<sup>6</sup> \*Ek het oopgemaak vir my liefste,  
maar my liefste het omgedraai  
en weggegaan.

Toe hy wegdraai,  
het dit geduisel in my.<sup>y</sup>  
Ek het na hom gesoek,  
maar hom nie gevind nie;

---

\*5:3 Luk 11:7

<sup>x</sup>5:4 my hart ... hom: Die bronteks lui “my ingewande was in beroering oor hom”.

\*5:6 Hoogl 3:1-2; 6:1-2

<sup>y</sup>5:6 het dit ... in my: Die bronteks lui “my asem het uitgegaan”. Dit dui uiterste wanhoop aan.

na hom geroep,  
maar hy het my nie geantwoord nie.

<sup>7</sup>\*Die wagte, op hulle rondtes  
deur die stad, het my gevind.

Hulle het my geslaan,  
hulle het my verwond,  
hulle het my sjaal afgeruk,  
die wagte by die stadsmure.

<sup>8</sup>\*Meisies van Jerusalem,  
ek besweer julle:  
As julle my liefste vind,  
wat moet julle vir hom sê?  
Dat ek siek is van liefde.

*Koor:*

<sup>9</sup>\*Wat maak jou liefste beter as ander,  
mooiste onder die vroue,  
wat maak jou liefste beter as ander,  
dat jy ons so besweer?

*Sy:*

<sup>10</sup>\*My liefste is stralend en bloesend;  
hy troon bo tienduisende uit.  
<sup>11</sup>Sy kop is suiwer fyngoud,  
sy hare raafswart dadeltrousse.

---

\*5:7 Hoogl 3:3

\*5:8 Hoogl 2:7; 3:5; 8:4

\*5:9 Hoogl 1:8

\*5:10 1 Sam 16:12; Ps 45:3

<sup>12</sup>\* Sy oë is soos duiwe  
langs waterstrome,  
wat bad in melk,  
wat sit langs 'n vol poel.

<sup>13</sup>\* Sy wange is soos beddings  
balsemkruid  
wat geurige kruie laat uitspruit.<sup>z</sup>

Sy lippe is narsings<sup>a</sup>  
wat drup van vloeiende mirre.

<sup>14</sup> Sy voorarms is ronde stawe goud  
met turkoois versier.

Sy buik is gepoleerde ivoor,  
oortrek met lasuur.

<sup>15</sup>\* Sy bene is marmerpilare  
wat rus op voetstukke  
van fyngoud.

Sy gestalte is soos die Libanon,  
uitsonderlik soos die seders.

<sup>16</sup>\* Sy mond is pure soetigheid,  
hy is die begeerlikheid self.

So lyk my liefste, so lyk my vriend,  
meisies van Jerusalem!

---

\*5:12 Hoogl 1:15; 4:1

\*5:13 Hoogl 1:10; 5:5; 6:2

<sup>z</sup>5:13 uitspruit: Die vertaling volg die •Septuagint.

<sup>a</sup>5:13 narsings: Veldblomme wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

\*5:15 1 Kon 4:33; Hoogl 7:4-5

\*5:16 Hoogl 4:3; 7:9

# 6

*Koor:*

<sup>1</sup> \*Waarheen het jou liefste gegaan,  
mooiste onder die vroue?

Waarheen het jou liefste weggedraai,  
dat ons hom saam met jou  
kan soek?

*Sy:*

<sup>2</sup> \*My liefste het na sy tuin gegaan,  
af na die beddings balsemkruid  
om in die tuine te wei  
en om narsings<sup>b</sup> te pluk.

<sup>3</sup> \*Ek behoort aan my liefste  
en my liefste behoort aan my,  
hy wat tussen die narsings wei.

*Hy:*

<sup>4</sup> \*Jy is mooi, my liefling, soos Tirsa,<sup>\*</sup>  
pragtig soos Jerusalem,  
indrukwekkend soos  
vaandeldraers.

---

\*6:1 Hoogl 1:8; 5:6,9

\*6:2 Hoogl 1:7; 4:16; 5:1,13

<sup>b</sup>6:2 **narsings:** Veldblomme wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

\*6:3 Hoogl 2:16; 7:10

\*6:4 Ps 48:2-3; 50:2; Hoogl 6:10; Klaagl 2:15

\*6:4 **Tirsa:** 1 Kon 15:21,33

<sup>5</sup> \*Wend jou oë af van my,  
want hulle ontsenu my.

Jou hare is soos 'n trop bokke  
wat teen Gilead afstroom.

<sup>6</sup> Jou tande is soos 'n kudde ooie  
wat van die drinkplek af opkom,  
almal tweelinge,  
nie een van hulle op sy eie nie.

<sup>7</sup> Agter jou sluier is jou slape  
soos 'n oopgebreekte granaat.

<sup>8</sup> \*Al is daar sestig koninginne,  
tagtig byvroue,  
en ontelbare jong vroue,

<sup>9</sup> \*my duif, my volmaakte, is enig.

Enig is sy vir haar ma,  
die gunsteling van die een  
wat haar in die wêreld  
gebring het.

Die meisies sien haar raak  
en noem haar gelukkig;  
die koninginne en byvroue  
sien haar raak  
en prys haar.

*Koor:*

<sup>10</sup> \*Wie is dit wat daar verskyn

---

\* 6:5-7 Hoogl 4:1-3,9

\* 6:8 1 Kon 11:3; 2 Kron 11:21; Ps 45:10

\* 6:9 Gen 30:13; Hoogl 2:14; 5:2

\* 6:10 Hoogl 3:6; 6:4; 8:5

soos die dagbreek,  
mooi soos die volmaan,  
helder soos die son,  
indrukwekkend soos  
vaandeldraers?

*Sy:*

<sup>11</sup> \*Na die neuteboord het ek afgegaan  
om te kyk na die jong plante  
by die spruit,  
om te kyk of die wingerde rank,  
die granaatbome bloei.

<sup>12</sup> <sup>c</sup>Sonder dat ek dit besef,  
het my begeerte my verplaas  
na die strydwaens  
van die vooraanstaande mense  
van my volk.

*Koor:*

<sup>13</sup> Draai om, meisie uit Sulem,  
draai om!  
Draai om!  
Draai om, sodat ons na jou kan kyk!

---

\* 6:11 Hoogl 4:13; 7:12

<sup>c</sup>6:12 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

\* 6:13 meisie uit Sulem: 1 Kon 1:3,15

Waarom staar julle na die meisie  
uit Sulem  
asof na die kringdans<sup>d</sup>  
van Mahanaim?

## 7

*Hy:*

<sup>1</sup> \*Hoe mooi is jou voete  
in jou sandale,  
dogter van 'n edelman.  
Die kurwes van jou heupe  
is soos ornamente —  
die werk van kunstenaarshande!

<sup>2</sup> Jou naeltjie is 'n ronde kelk —  
mag dit vol kruiewyn bly.  
Jou maag is 'n hophie koring,  
met narsings<sup>e</sup> omsoom.

<sup>3</sup> \*Jou borste is soos  
twee jong bokkies,  
die tweeling van 'n ribbokooi.

<sup>4</sup> \*Jou nek is soos 'n toring van ivoor,  
jou oë soos die poele by Gesbon,

---

<sup>d</sup>**6:13 kringdans:** Die Hebreeuse woord dui gewoonlik aan dat daar deur meisies in 'n kring gedans word.

\***7:1** Hoogl 1:15

<sup>e</sup>**7:2 narsings:** Veldblomme wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

\***7:3** Hoogl 4:5

\***7:4** Hoogl 4:4

by die poort van Bat-Rabbim.  
Jou neus is soos die toring  
van Libanon  
wat uitkyk oor Damaskus.

<sup>5</sup> \* Jou kop is soos Karmel,  
jou los hare soos purperstof —  
'n koning raak verstrengel  
in die lokke.

<sup>6</sup> \* Hoe mooi, hoe lieflik is jy,  
liefling, hoe verruklik!

<sup>7</sup> Jou gestalte is soos 'n palmboom,\*  
jou borste soos druiwetrosse.

<sup>8</sup> \* Ek het gedink:

Ek wil teen die palmboom opklim  
en sy dadelpluime pluk.

Mag jou borste

soos trosse druiwe wees,  
die geur van jou asem soos appels

<sup>9</sup> \* en jou mond soos die beste wyn ...

Sy:

... wat glad vir my liefste vloei,  
liggies oor die lippe  
van slapendes gly.

---

\*7:5 Hoogl 4:1; Jes 35:2

\*7:6 Hoogl 1:15-16; 4:10

\*7:7 gestalte ... palmboom: Ps 92:13

\*7:8 Spr 5:18-19; Hoogl 2:5

\*7:9 Hoogl 5:16



<sup>10</sup> \*Ek behoort aan my liefste  
en sy begeerte is na my.

<sup>11</sup> \*Kom, my liefste!  
Kom ons gaan uit na die veld,  
laat ons tussen die hennablomme<sup>f</sup>  
oornag.

<sup>12</sup> \*Laat ons vroeg na die wingerde  
gaan,  
gaan kyk of die wingerd bot,  
of die botsels al oop is,  
of die granaatbome in bloei staan.

Daar sal ek my liefde aan jou gee.

<sup>13</sup> \*Die alruin<sup>g</sup> versprei sy geur  
en voor ons deur  
is allerlei heerlike vrugte  
van hierdie en die vorige seisoen,  
wat ek vir jou bewaar het,  
my liefste.

---

\*7:10 Ps 45:12; Hoogl 2:16; 6:3; 8:6

\*7:11 Hoogl 2:10; 4:8

<sup>f</sup>7:11 **hennablomme:** 'n Struik met smal, langwerpige, blare en lang trosse wit blomme met 'n sterk geur, ook gebruik om parfuum te maak.

\*7:12 Hoogl 2:13; 6:11

\*7:13 Gen 30:14-16

<sup>g</sup>7:13 **alruin:** 'n Narkotiese plant waarvan die wortels as 'n erotiese simbool beskou is.

# 8

*Sy:*

<sup>1</sup> Was jy maar vir my soos 'n broertjie  
wat aan my ma se borste drink.

As ek jou buite teenkom en soen,  
sou niemand my kwalik neem nie.

<sup>2</sup> \*Ek sou jou lei,  
jou na my ma se huis neem,  
sy wat my geleer het.

Ek sou vir jou kruiewyn gee  
om te drink,  
die sap van my granate.

<sup>3</sup> \*Sy linkerarm is onder my kop,  
sy regterarm omhels my.

<sup>4</sup> \*Meisies van Jerusalem,  
ek besweer julle:  
Moenie die liefde aanwakker nie,  
moet dit nie opwek nie,  
voordat dit nie self  
wil ontwaak nie.

*Koor:*

<sup>5</sup> \*Wie is dit wat daar

---

\* 8:2 Spr 9:2,5; Hoogl 3:4

\* 8:3 Hoogl 2:6

\* 8:4 Hoogl 2:7; 3:5

\* 8:5 Hoogl 2:3; 3:6; 6:10

uit die woestyn<sup>h</sup> kom  
aan die arm van haar liefste?

Sy:

Onder die appelboom  
laat ek jou ontwaak:  
Daar het jou ma  
met jou swanger geraak,  
daar het sy wat swanger was  
jou in die wêreld gebring.

<sup>6</sup> \*Dra my soos 'n seël<sup>i</sup> teen jou hart,  
soos 'n seël aan jou arm;  
want liefde is kragtig soos die dood,  
hartstog meedoënloos  
soos die •doderyk —  
die liefdesgloed is 'n vlammeende vuur,  
'n verterende vlam.

<sup>7</sup> \*Baie water kan die liefde  
nie blus nie,  
riviere kan dit nie wegspoel nie.  
As iemand alles in sy huis aanbied  
in ruil vir liefde,  
sal hy diep verag word.

---

<sup>h</sup>**8:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

\***8:6** Spr 6:34; Jes 49:16; Jer 22:24; Hag 2:23

<sup>i</sup>**8:6 seël:** 'n Voorwerp waarmee 'n persoon se kenmerkende seël op klei of was afgerol is en wat aan 'n toutjie of kettinkie om die nek of arm gedra is.

\***8:7** Spr 6:35

*Haar broers:*

<sup>8</sup>\* Ons het 'n jong sustertjie,  
nog sonder borste.

Wat sal ons vir ons sustertjie doen  
die dag wanneer om haar hand  
gevra word?

<sup>9</sup>\* As sy 'n muur is,  
sal ons 'n silwer verskansing  
op haar bou;  
en as sy 'n deur is,  
sal ons haar  
met sederplanke afsper.

*Sy:*

<sup>10</sup>\* Ek is 'n muur,  
en my borste soos torings;  
toe word ek vir hom soos 'n stad  
wat vrede aanbied.

*Hy:*

<sup>11</sup>\* Salomo het 'n wingerd besit  
by Baäl-Hamon.  
Hy het opsigters aangestel  
wat duisend silwerstukke<sup>j</sup>  
vir die vruggebruik moes betaal.

---

\***8:8** Eseg 16:7

\***8:9** 1 Kon 6:15

\***8:10** Hoogl 4:5; 7:3

\***8:11** Pred 2:4; Matt 21:33

**j8:11 1 000 silwerstukke:** Ongeveer 11,4 kg; •Geldeenhede.

<sup>12</sup>\* My wingerd behoort net aan my.

Die duisend silwerstukke

is vir jou, Salomo,

en tweehonderd vir hulle

wat die vrugte oppas.

<sup>13</sup>\* O, jy wat in die tuine vertoef,

met vriende

wat na jou stem luister —

laat my dit hoor!

Sy:

<sup>14</sup>\* Glip weg, my liefste!

Wees soos 'n ribbok

of 'n jong rooitakbok

op die speseryheuwels.

---

\* 8:12 Hoogl 1:6

\* 8:13 Hoogl 1:7; 2:14

\* 8:14 Hoogl 2:9,17